DEEL 116 | WEEK 4 | 26 JANUARIE | 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Heilbron groet 'n legende



*Foto erkenning-André Pretorius Fotografie*

Die gemeenskap van Heilbron het 'n ware legende verloor met die skielike heengaan van Piet Boshoff, Dinsdagoggend. Piet was 'n ware ikoon wat veral in boerderykringe bekend was as die "veilingsoom". Hy het vir byna 20 jaar as veehanteerder en -bemarker by BKB Louwid gewerk voordat hy verlede jaar afgetree het.

In 1955 is Piet hiér in Heilbron gebore. Hy het hier skool gegaan, gekatkiseer en later in die Hoogte-omgewing op sy pa se grond geboer.

Op 21 Julie 1979 trou hy met Lettie (tóé Steyn) en uit hul huwelik is drie kinders, Liza, Chris en Pieter, gebore.
Piet het die plaaslewe verruil vir die veilingskrale en die laaste twee dekades van sy lewe op Heilbron gewoon.

Piet het ook 'n groot liefde vir oudhede en antieke plaastoerusting gehad.
Hy het menigmaal al matriekafskeid- en troukar gery met sy ou Ford-bakkie. Hy het juis nog Saterdag gespook om die Ford se ratkas reg te kry tydens 'n troue buite Heilbron.

Vir sy aftrede het hy beplan om meer tyd saam met sy kleinkinders en aan ou trekkers te spandeer.

'n Vriend en kollega, Jan-Hendrik Claassen, getuig van die hegte vriendskappe wat Piet met almal rondom hom kon smee: "Vir twee jaar lank het ons elke dag in dieselfde bakkie gery. Oom Piet was soos familie vir my."

Hy sal egter nie net onthou word as veebemarker nie, maar ook as 'n man wat graag geselsies met almal aangeknoop het, altyd tyd vir 'n grappie gehad het en dit geniet het om staaltjies te vertel vanuit "die ou lorries se dae".

Hy het diep spore in die gemeenskap getrap en sy heengaan laat 'n groot leemte. "Dankie, oom Pieta. Jy was 'n pa en beste vriend vir só baie van ons. Ons is dankbaar vir kosbare herinneringe en gun jou die rus. 'n Groot boom het geval."
Piet word oorleef deur sy vrou, drie kinders en vyf kleinkinders.
Sy begrafnis vind Dinsdagoggend om 11:00 te Vegkop plaas.









# Water supply in Heilbron

The Executive Mayor, Ngwathe Municipality, PARYS, 9585

**OPEN LETTER RE WATER SUPPLY IN HEILBRON**

I write this open letter to you to raise a number of issues concerning the supply of water to the greater Heilbron community. Many of them have been raised before but have regrettably not received the attention I feel they deserve. This letter accordingly serves to re-record the issues and to request they be given the attention they deserve. They are as follows :

**A. CLARITY RE CAPACITY OF PIPELINE FROM SASOLBURG**

1. The pipeline from Sasolburg to Heilbron has a capacity of delivering 12 Megalitres of water per day. This capacity has never been fully used as Randwater has at the most at times provided Heilbron with a maximum of 8 Megalitres per day. I have on several occasions requested that you arrange an appointment between Randwater and councilors to discuss the use of the additional capacity available, but this has regrettably not materialised as yet.

2. You are well aware that Randwater officials are not allowed to engage with councilors directly and that you setting up an appointment with Randwater will be the only basis on which councilors will be enabled to engage with Randwater on this very serious and crucial issue. You are accordingly once again urged to set up such a meeting.

**B. LIMITATION OF SUPPLY TO HEILBRON**

1. You are no doubt also aware of the contents of the notice issued by Randwater on 14 December 2023 in which the municipality was advised that Randwater had implimented "flow control measures" on water supply to us. From information furnished by the town manager it appears that we have only been receiving about 4,4 Megalitres per day since then in stead of the customary 8 Megalitres per day. As even 8 Megalitres per day are not sufficient for our needs this development has impacted extremely seriously on the availability of water in our town to the extent that some consumers have been without water supply for days on end.

2. According to the notice issued by Randwater the purpose of the flow control measures were to ensure that reservoir levels increase to 60% compared to the 38% then available. More than a month has passed since yet it appears as if either the expected increase has not materialized or Randwater is misusing the measures to continue to curtail water supply to Heilbron to the huge detriment of consumers. Questions raised in this regard remain unanswered and we need to very urgently obtain clarity as to what present levels in their reservoirs are and when Randwater expects reservoir levels to reach the desired level of 60%. The notice explained the shortage of available water as due to high consumption levels experienced in December, which was a very hot and dry period. I accordingly interpret the notice as a temporary measure and, as since then it has rained intermittantly in January, the obstacle should have been overcome by now. It is imperative that Randwater urgently inform us of the present levels of their reservoirs and the expected duration of the flow control measures. It also needs to inform us when supply will be restored to at least the previously customary 8 Megaliters per day.

3. It is of huge concern to me that Randwater had to impliment the flow control measures above as it points towards them being unable to produce enough potable water to supply their customers. Question is whether Randwater, like Eskom, has neglected and/or failed to maintain and/or upgrade their infrastructure over time and that we have reached the situation where they will be unable to meet water demands resulting in water sharing programmes like Eskom's loadshedding programmes being implimented shortly. Assurance that the problem is temporary and will not become a long term one is urgently required from them. Heilbron presently has no alternative sources of water and pro-active steps will have to be taken immediately should my fears be well founded.

4. This concern is serious enough to warrant engagement on at political level – a meeting between councilors and members of the Rand Water Board is required in order for the board to clarify the issues and to give us the assurance that there will not be a long term shortage in water supply. Information on contingecy plans to prevent reoccurence of "flow control measures" in future has to be shared with us at this level. Undertakings by Rand Water officials to Ngwathe officials have in the past not materialized and are accordingly unacceptable given the seriousness of the present crisis.

5. Ngwathe's debt owing to Randwater may have an impact on Randwater's implimentation of the flow control measures but I will deal with this aspect below.

**C. RANDWATER DEBT**

1. On 8 December 2023 Randwater issued a notice to several municipalities, including Ngwathe Local Municipality, re escalating debt. It stated that our municipality at the time owed R 61 407 584,18 of which R 57 653 875,82 was in arrears. It further stated that municipalities were engaging in endless and fruitless negotiations whilst "it was clear that they have no intention to pay or enter into amicable arrangements that will afford them an opportunity to pay their account with ease". Finally it confirmed that Randwater has declared an intergovernmental financial dispute and sought intervention by National Treasury and Co-operative Governance and Traditional Affairs to enforce payment of the debt due.

2. The question arising from this notice is whether Randwater is also perhaps unofficially using the debt issue as a measure to limit supply to us. I confirm that you informed me in December 2023 that we had actually paid Randwater an amount of R 5 million of which about R 1,25 million would have been in reduction of arrears. It is imperative that the municipality enters into a payment agreement with Randwater soonest. It further needs to be confirmed with Randwater urgently that it is indeed not using any credit control measures as leverage to limit supply and thus is not contravening existing Court Orders to the effect that government- and parastatal institutions may not use credit control measures to enforce payment of overdue debt and depart from their duties to provide services regarded as basic human rights.

3. Heilbron has several industries which are large consumers of water. I am informed that the revenue derived from supply to six of them amounts to about R 2 million per month. I propose consideration be given to ringfence this income and earmark it for payment exclusively to Randwater every month. It will cover about 50% of our monthly account and will enable us to pay the balance (plus something towards the arrears) from our equitable share. I reiterate that it is imperative that we honor our obligations to Randwater, particularly as I am of the opinion that we should as a matter of urgency engage with them to make available the full 12 megalitres of water per day as was contemplated when the pipeline was initially built. The present supply of 8 Megalitres per day remains insufficient for our needs in my view.

4. I am aware that there are differences of opinion as to the actual volume of water required to fully satisfy the demand in Heilbron. In this regard I have previously requested that an expert's assistance be called in to assess the situation, particularly in view of the new erven recently developed which are being integrated into supply networks. It needs to be recorded in this regard too that my information presently is that parts of Phiritona, dependend on supply of water by gravitation, only receive water when our main reservoir's level rises above 50% which just about never happens. When Randwater supplies the customary 8 Megalitres per day the reservoir serves merely as a conduit in the distribution of water in the system and its purpose to actually store water is virtually never achieved. This could to my mind only be rectified if we are provided with 12 Megalitres of water per day and we should vigorously pursue achieving this.

**D. BALANCING OF WATER SUPPLY**

1. You are no doubt aware that Heilbron has low lying and high lying areas. This results in, when there is limited water supply, some low lying areas having water even during such times whilst others go without water for days on end. A balance needs somehow to be struck in order to ensure every consumer has some water at least some times. For this purpose it would be prudent to divide the distribution network into sections allowing some low lying sections to be closed or blocked off at times to allow available water to reach the high lying areas, even if for a few hours at a time.

2. Presently I am unsure whether a water masterplan is available on which valves which could be shut can be identified. As a first priority such a plan should be located or produced. Heilbron is fortunate to still have Mr D Naude, who knows the waternetwork very well, available to assist with possible identification of the whereabouts of valves and shutters and I request that we engage with him to procure his assistance. I have often before pointed out to you that one area in Heilbron, comprising parts of Tanner-, Ringer-, Heil-, Macht- and other streets as well as the hospital, is always the first area not to have water and the last to receive it when sufficient supply becomes available again. Consumers in this area at times literally have to get by without any water for days on end and this problem really now needs adressing.

**E. GENERATOR AT RANDWATER PUMPSTATION**

1. During talks with Randwater some years ago it's officials undertook to install a generator at its pumpstation at Sasolburg in order to continue pumping water to us during times of loadshedding at Sasolburg. To the best of my knowledge this undertaking has not been honored yet resulting in no pumping occuring during such times. Randwater needs to be forced to honor this undertaking, particularly as loadshedding schedules in Sasolburg and Heilbron often overlapp resulting in extended periods during which no water can be fed into our network. This has a hugely negative impact when higher stages of loadshedding occur.

**F. GENERATOR AT HEILBRON PUMPSTATION**

1. No generator is presently available at the Heilbron pumpstation. In this regard I refer you to my conversation with you some time ago when I advised that some businessmen in Heilbron would be prepared to sponsor a generator mounted on a trailer which could be towed to the pumpstation during times of loadshedding to operate the pumps. They were prepared to sponsor fuel for the generator as well and all that would be required from the municipality to activate the process would have been consent and installation of a switchover switch enabling the power to be fed safely from either the network or the generator to the pumps as may be required. Regrettably I never received any feedback from you in this regard after the proposal was made. I am sure, however, that the option could still be pursued.

2. It is conceded that security may be an issue, particularly during night time, but being able to have the pumps running during daylight hours would in itself have quite an impact on water supply, especially when higher levels of loadshedding (eg four hour periods) are applied during daytime.

**G. SUMMARY AND PLEA**

The issues raised above are to my mind all serious and deserving of attention. I accordingly once again plead with you to reconsider each one and to initiate processes to address them urgently.

***Please acknowledge receipt hereof.***

***Regards,***

***Clr P P Van der Merwe***

## UIT DIE PEN: Week4



Ons hoor baie: "Toe ek jonk was" of "Lank, lank gelede". Dan word ons vertel hoe daardie dae was. Baie keer vertel iemand wat hom oorgekom het, en dan begin hulle die sin met: "Daardie dae was daar nog nie selfone nie." Vir sommiges is dit nogal moeilik om hulle in te dink dat daar regtig sulke dae was. Wat van: "Ons het daardie dae net met plaaslyne gewerk"?

Onthou jy dat daar tye was waar daar nie televisie was nie? Moeilik om jouself dit in te dink. Of die dae toe passasiers tydens vlugte kon rook? Wat van toe almal nog met 'n das en baadjie kerk toe gegaan het. Toe mense nog kerk toe gegaan het.

Kan jy onthou dat daar dae was toe ons alles getik het of later alles met die hand geskryf het? Of 'n groot masjien gehad het waarmee kopieë gemaak moes word. Een wat jy met die hand moes draai.

Daar was 'n dag toe ons nie digitale projektors gehad het nie. As jy gelukkig was, was daar 'n truprojektor in die klas. Anders was daar 'n groen bord en 'n stuk wit kryt. Met 'n bord borsel wat uitgeslaan moes word. Daar is weliswaar skole waar dit nog gedoen word.

Ons het karre gehad sonder lugreëling. Die deure kon nie sentraal sluit nie en dit was 'n rariteit om 'n knoppie te kon druk om die venster oop- en toe te kon maak.

Daar was ook 'n dag toe ons nie sosiale media gehad het nie. Die ander dag hoor ek 'n omroeper vra watter een van die onderstaande sal jy kies:

1. Geen vleis vir 'n jaar of
2. Geen sosiale media vir 'n jaar of
3. Geen drank vir 'n jaar.

Vandag wonder ek ook sosiale media. Hoekom dink sekere mense dat dit belangrik is? Hoekom is mense so behep met sosiale media en hoekom glo mense wat op sosiale media versprei word, al is dit nie die waarheid nie?

Ek was nog nie direk daarmee gekonfronteer nie, tot in Maart 2020. Kan jy onthou? Almal is gebombardeer met inligting en snertstories oor die Groot Virus. Ek was daardie dae op 'n WhatsApp groepie wat nog dateer vanuit ons Oos-Vrystaatse dae. Een persoon wat daarop was stuur toe inligting aan dat mense by die duisende (ja, duisende) in townships doodgaan en sommer in massagrafte begrawe word.

Natuurlik kon ek myself nie beteuel nie, en het dadelik gesê dat dit net mooi snert is. Die skrywer van die boodskap het haarself so vererg dat sy die groepie verlaat het. Ek het letterlik eers weer die laaste week van November 2023 weer van haar gehoor.

Dan was daar sogenaamde mediese kenners (met geen formele kwalifikasie) wat inligting oor die Groot Virus op Facebook gepos het, en al wat leef en beef het dit gelees en aangestuur. Van die outeurs het so 'n gevolg gekry dat hulle 'n spesiale Facebookblad daarvoor gemaak het. Met mense wat nie wyer kan dink as wat hulle neusgate is nie. Selfs nou nog, in 2024, toe die meeste van die inligting as verkeerd bewys is, verwys mense na hulle Facebookblad.

Hoekom glo mense die snert wat op sosiale media verskyn? Facebook, X, Instagram, noem maar op. As ek 'n geleerde was wat my navorsing sou wou bekend maak, sou ek dit nie op een van die platforms gedoen het nie. As dit betroubare navorsing was wat geverifieer is, sou ek dit op 'n platform bekend maak wat bekend is daarvoor om feite te identifiseer.

Maar dit is net my mening.

Word deel van 'n Faceboekgroepie of 'n WhatsAppgroepie en jy sal weet waarvan ek praat.

Onlangs het ek, teen my sin, moes deel word van 'n WhatsAppgroep waarop daar meer mense is as die somtotaal van almal wat ek ken. Elkeen het sy eie opinie vrye teuels gegee. Een het 'n agterkant van 'n storie gekry en haar storie bygelas omdat dit is wat sy graag wou hoor.

Almal op die groepie beaam dit en borduur voort. Al is die inligting verkeerd.

Iemand anders vertel dat hy dit en dat op so en so 'n plek gelees het. Dan kom een van die WhatsAppgroepers by en gee sy stuk kommentaar. Ja, ja, daardie kommentaar is reg en die ander, wat die teendeel probeer bewys, is verkeerd. End van die prent.

Gryp mense dalk na strooihalms omdat die storie wat vertel word, nie die storie is wat hulle wil hoor nie? Maar in dieselfde asem sweep die mense mekaar só op dat die hele groep later saam praat, skinder, stories opmaak en dreig met regsoptrede. Ja, ja, ja! Kom ons gaan vir die slagaar, sê hulle. Ja, ja, ja!

Teen daardie tyd is die nasionale en internasionale joernaliste ook al gekontak oor die Groot Storie. Die joernaliste publiseer artikels om die boosheid oop te vlek. Alle vakbonde is gereed om te marsjeer, met plakkate en al. Die radiostasies is gereed om lewendig uit te saai, vir diegene wat nie 'n lewendige voer op Instagram het nie.

Alles goed en wel as die boodskappe die waarheid is. Maar wat gebeur indien dit bewys word dat die stories verkeerd is? Is daar enige iemand wat gaan terugkom om verskoning te vra?

Nee, dit sal nooit gebeur nie. Die hele "palawa" sal net 'n stille dood sterf. Iemand gaan sê dit was iemand anders wat die opmerking gemaak het. Soos my laerskooljuffrou altyd gesê het: Adam sê dis Eva en Eva sê dis die slang.

Glo jy ook alles wat jy op sosiale media lees? Dalk moet jy wyer lees as wat iemand se suster se buurvrou se man se neef gesê het. Lees die goed wat by jou aankom met 'n teesiffie om die snert van die feite te skei.

En wees bereid om verskoning te vra wanneer die geskinder verkeerd bewys word.

# Inspirasie resepte

Pasch du Plooy

**SANDWICHES**

2023 is behind us and the new year awaits. New food trend will develop and lots of old food favourite will go viral on Tick Tok. The humble egg sandwich was one of the most share recipes of 2023. An easy and quick sandwich made with chopped boiled eggs, mayonnaise and then add your favourite pickles and spices. My wife taught me how to boil eggs in the air fryer and I am sure that this will be a huge trend for 2024! Its so easy. Try it!

Preparation time – 30 minutes
Cooking time – 12 minutes
Serving – makes 4 sandwiches

**Ingredients for the egg sandwich**

8 slices brown or white bread, thick slices if possible
4 extra-large free-range eggs
1/4 cup tangy mayonnaise
1 dill pickle, finely chopped
2 sprigs chives, finely chopped
1/2 shallot or ½ small red onion, finely chopped
2 tbs chopped peppadews
5 cm stick celery, finely chopped
2 tsp Maldon salt
Pinch cayenne pepper
8 large butter lettuce leaves or iceberg
Butter for spreading

**Method for the eggs sandwich**

Set your air fryer on 135 degrees and set timer for 12 minutes. Pre heat your air fryer for 2 minutes. Once the timer reaches 10 minutes, place your eggs in the pre heated fryer and cook for 10 minutes. This wil give you a medium egg. Cook longer for hard eggs. Once the eggs have cooked your desired time, remove them and place in ice or cold water. Crack the eggs on a countertop and peel.

Use a medium mixing bowl and crush the eggs with a fork until fine. Now mix in your mayonnaise, all your chopped ingredients and the seasoning. Mix well and adjust salt and pepper to taste.

To build your sandwich, butter your bread on one side. Place the bread butter side up and place lettuce on each slice. Now dived you egg mix into 4 and spread on 4 of the slices, making sure to cover the bread from comer to comer. Now cover each egg sandwich with the other slice of bread, lettuce side on the egg mixture. Gently press and cut across into four blocks or triangles.

**Chef's notes**

Eat soon after making as the bread can become soggy. Serve with extra mayonnaise and pickle or green olives on the side.

# TROUKOORS



*Rayno en Dandrie Theron het op 20 Januarie by Donsveertjie getrou. Rayno is die seun van Wynand en Doret Theron van Heilbron. Dandrie is die dogter van Damie Stemmett en Driekie Els, ook van Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*




# HONDJIES TE KOOP







Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za









# Bronnies se Toppresteerders van 2023

## Graad 4



Mia J van Rensburg 95.00% · Danica Rietchard 91.25% · Anneke Lange 90.50% · Merwe Els 89.00% · RJ Muller 88.75%

## Graad 5



AC Zizzke 89.83% · PL Snyman 88.67% · Henré Wellbach 87.83% · Cilia Rossouw 87.83% · Amé Naude 86.50%

## Graad 6



Elne du Plooy 97.00% · Caitlyn Rietchard 92.33% · Illiona Meiring 90.50% · Marlien Baan 89.67% · Chanté Saayman 89.00%

## Graad 7



Elsené vd Merwe 91.17% · Lisa-Liné Khrutler 90.83% · Elmri Coetzlink 90.67% · Jessica Small 85.67% · Kayla Hayward 80.00%

## Graad 8



Lee-Anne Viviers 79.44% · Amoré Rochat 77.67% · Ernest Scheepers 75.33% · Cheree Jv Rensburg 72.44%

## Graad 9



Chenelle Els 85.60% · Fikor Ayelo 84.80% · Nodiine Gavin 85.70% · Aljané Zitzke 85.20% · Danelri Mocke 79.90%

## Graad 10



Franco Roos 88.56% · Sumarie Steyn 81.67% · Cariska Jv Rensburg 80.11% · Heicke Weideman 77.11%

## Graad 11



Johanri Pretorius 86.86% · André Viviers 82.57% · Kayla Bosman 81.29% · Carlie Rochat 76.29% · Aldené de Jongh 71.14%

## Graad 12



Motalini Semela 85.43% · Michaela Grobler 80.86% · Madaleen de Beer 77.57% · Jeanike Els 70.71% · Mia Botha 72.00%

## "Welldone" funksie



*Skoolhoofde van Heilbron en omliggende areas het Vrydag, 19 Januarie, 'n "Welldone" funksie in Bloemfontein bygewoon waar skole vereer is vir uitstaande matriekuitslae tussen 90% en 100%. Heilbron se skole het besonder goed gevaar in die streek, en die gemeenskap is trots op hierdie prestasies.*

*Hoërskool Heilbron spog met 'n indrukwekkende 100% slaagsyfer, wat getuig van die toewyding en harde werk van beide leerders en opvoeders. Sandersville Hoërskool het nie agtergebly nie en kan ook met trots 'n slaagsyfer van 92,2% aankondig, terwyl Sediba-Thuto Hoërskool 'n verdienstelike slaagsyfer van 95,1% bereik het.*

# Graad 1's reg vir die groot skool



Sandersville gekombineerde skool spog met 'n totaal van 71 stralende graad 1 gesiggies. Die skool se Graad 1's is in twee klasse verdeel. In die Afrikaanse klas is 23 kinders is en in die Engelse klas is 48 Graad 1's.




Vertroue in ons toekoms
SAAM STAP ONS DIE PAD NA SUKSES
Vir meer as 'n 100 jaar is BKB aan die plaas gebonde. Daarom, by BKB Frankfort, beywer ons onsself vir veeveilings op die plaas. Dit bied verbeterde biosekuriteit, sny vervoerkoste, en verbeter deursigtigheid - alles in die beste belang van ons boere. Wees verseker, met ons deursigtige veeveilingsplatforms en plaaslike kennis, is ons hier vir jou vee.
Vir julle vertroue in die toekoms, vir julle vertroue in ons: Dankie.
Vir veilingsnavrae:
Jan Hendrik Claasen 074 490 5451
BKB Bemarker, Frankfort, Heilbron, Edenville, Koppies
SJ De Jager 072 219 4866
BKB Bemarker, Frankfort, Heilbron, Edenville, Koppies
www.bkb.co.za
BKB
MENSE | PLANEET | WINS
VOORTREFLIKE DIENS | ENTREPRENEURSKAP | VERDIENSTE | WERKNEMERS | OMGEWING

# Heilbron Hoërskool skitter met 27 jaar van 100% matriekslaagsyfer

In 'n verstommende prestasie het Heilbron Hoërskool vir die 27ste jaar na mekaar 'n indrukwekkende 100% matriekslaagsyfer behaal. Hierdie ongelooflike mylpaal beklemtoon die toewyding van die skool, sy opvoeders, en natuurlik die harde werk van die leerlinge. Die opwinding en angs was aan die orde van die dag toe die matrieks op Vrydag, 19 Januarie, die pad skool toe aandurf om hul matriekuitslae te ontvang. Met kloppende harte en gebede het hulle die resultate afgewag wat die deure na die volwasse lewe vir hulle sou oopmaak.




Met die aankondiging van die eerste leerder se naam, en soos elkeen hul sertifikate ontvang het, het die vreugde en opwinding toegeneem. Robinho van Schalkwyk het spesifiek uitgeblink met 'n indrukwekkende gemiddeld van 87,28% en vyf onderskeidings. Sy prestasie is 'n ware inspirasie vir mede-leerders en 'n bewys van harde werk en toewyding.

Robinho, alhoewel hy nie persoonlik teenwoordig kon wees om sy sertifikaat te ontvang nie, laat 'n nalatenskap van uitnemendheid agter. Die leerders het nou almal groot planne en drome vir hul toekoms, en hulle is gereed om die uitdagings van die volgende fase van hul lewens aan te pak.

Judike Gavin, die hoofmeisie van 2023, gee 'n wyse raad aan die nuwe matrikulante: "Doen net jou beste. Dit is jou belangrikste skooljaar." Hierdie woorde van wysheid weerspieël die erns en betekenis van die matriekjaar, waar die fondasie vir die toekoms gelê word.

Wessel Steyn deel sy positiewe ervaring van sy matriekjaar en sê dat die groep mense die hoogtepunt was. Hy beskou homself gelukkig om deel te wees van 'n groep mense met diverse persoonlikhede en sê hy gaan sy drome najaag deur 'n B.Com-rekeningkunde graad te volg.

Juffrou Elsabé van der Merwe, waarnemende onderhoof van Heilbron Hoërskool, beskryf die matriekgroep van 2023 as 'n besonderse klas met 'n ryk karakter en 'n verskeidenheid persoonlikhede. Sy wens vir hulle sukses toe en hoop dat hulle met selfvertroue die wêreld buite die skool sal betree en die bande wat hulle hier gevorm het, sal behou.

Die skool kan ook met trots aankondig dat hulle spog met 'n indrukwekkende totaal van 23 onderskeidings, wat die gehalte van die onderrig en toewyding van beide leerders en opvoeders beklemtoon.

Heilbron Hoërskool het nie net 'n tradisie van uitnemendheid nie, maar dit blyk dat hierdie uitnemendheid jaar na jaar groei. Hierdie prestasie is 'n getroue weerspieëling van die skool se toewyding aan akademie en die ontwikkeling van elke leerder om suksesvolle volwassenes te word. Mag hierdie prestasie dien as inspirasie vir toekomstige generasies leerders om ook hoogtes te bereik en hul drome na te jaag.





*Uitslae van matrieks se slaagsyfer vir die klasse van 2023 van die verskillende skole in Heilbron.*



*Heilbron Hoërskool se matrieks van 2023.*

# Heilbron learner dedicates academic triumph to beloved grandmother

Kamohelo Dlamini, a seemingly reserved young man from Sediba Thuto Secondary School in Heilbron, has recently achieved a remarkable feat by securing six distinctions in Mathematics, Physical Science, Life Science, SeSotho, English, and Geography. Despite his quiet demeanor, Dlamini's eyes light up with pride and gratitude when discussing his source of inspiration—his beloved grandmother, Mamoya Dlamini.




This dedicated learner expressed his heartfelt appreciation for his grandmother's unwavering support and sacrifices. Mamoya Dlamini, described as a loving and selfless figure, went above and beyond, utilizing her social grant money to ensure that Kamohelo and his uncle were well taken care of. Despite facing financial challenges, the family managed to persevere, a testament to the resilience instilled by Kamohelo's grandmother.

“My grandmother took care of me and my uncle using her social grant money. It was obviously not enough, but we managed to survive. I am grateful to her for all her sacrifices and encouragement. She truly is my hero,” shared Dlamini with gratitude in his voice.

The significance of Kamohelo Dlamini's academic accomplishments was celebrated at the Free State Department of Education Well-Done function, hosted at the Central University of Technology in Bloemfontein, within the Mangaung Metropolitan Municipality.

Looking towards the future with determination, Dlamini expressed his aspirations of studying medicine, a goal he believes will make his grandmother immensely proud. Reflecting on the support he received throughout the year, he extended his thanks to teachers and everyone who played a supportive role in his academic journey.

“I intend to study medicine, and I know that I am going to make my grandmother proud. I am also thankful to my teachers and everyone who was supportive during the year. I will not let them down,” he affirmed.

In recognition of his academic excellence, Kamohelo Dlamini has been awarded a bursary and is poised to embark on his higher education journey at the university of his choice—a testament to the resilience, dedication, and support that have shaped his success story.

# Plaasaanval stopgesit, te danke aan flink boere

'n Rustige aand het skielik vir Ben en Elzette Slabbert in 'n nagmerrie ontaard! Elzette en haar man, wat op die plaas Tauton op die Sasol-Heilbronpad woon, vertel dat hulle Sondagaand ongeveer 22:30 toe hulle gaan slaap het, 'n harde slag naby die stoor gehoor het.

Elzette beskryf dat inbrake by die stoor 'n algemene ding is en dat Ben dadelik vir Gerrit Viljoen, die voorsitter van die Gottenburg Boerevereniging, gekontak het. Ben het die huis deursoek en opgemerk dat daar 'n man buite die heining gestaan en na die huis gestaar het. Elzette het gesê dat Ben vir haar 'n haelgeweer gegee het en na die aantrekkamer gestuur het om weg te kruip. Gerrit, Jannie, en Danie Claassen het hulle na die toneel gehaas en begin soek na die verdagte. Na 'n deeglike soektog het die boere na hulle huise teruggekeer, met Elzette en van hulle honde wat gereed was om weer te slaap.

Rondom middernag het die skaaphond begin blaf. Ben en Elzette het opgestaan en Ben het die man weer by hulle venster gesien. Hy het iets in Sesotho geskree en met 'n panga teen die venster gekap. Die boere is onmiddellik in kennis gestel en het hulle na die toneel gehaas.

Die verdagte het 'n ruit gebreek om binne te kom, maar Ben het twee waarskuwingskote afgevuur. Dit het die man nie afgeskrik nie en hy net aangehou om die venster oop te breek. Uiteindelik het die ligte van die aankomende boere se voertuie die verdagte afgeskrik, en hy het gevlug.

Na 'n deeglike soektog het Danie Claassen die verdagte onder 'n druiweboord ontdek. Daar het 'n kort stoeiery plaasgevind, waar Danie met 'n panga op die knie geslaan is, maar gelukkig nie ernstig beseer is nie. Die verdagte is in hegtenis geneem en word aangekla van opsetlike saakbeskadiging, besit van 'n gevaarlike wapen en aanranding met die opset om ernstig te beseer.

Die verdagte het op 24 Januarie in die hof verskyn vir borgtog, maar dit is teengestaan en die saak is uitgestel. Te danke aan die uitstekende reaksie van die boere is die Slabbert gesin ongedeerd.

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
Surname: **DELPORT**
First names: **PETRUS HENDRIK**
Estate number: **4257/2022**
Identity/passport number: **451226 5012 088**
Date of death: **24/03/2022**
Last address: **PLOT 164, NEDERSETTING, KOPPIES**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**HERMINA SUSANNA DELPORT**
Identity/Passport Number: **510214 0095 083**
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**Ref: AA SCHUTTE/eh**
**DATE SUBMITTED: 2024/01/17**
**PUBLICATION ON: 2024/01/26**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE RELEBONGILE LERATO MATEBELLO TSIMANE,** Identiteitsnommer: 030313 0403 080, in lewe 'n skolier, woonagtig te Stand 692, Mamafubedu, Petrus Steyn, 9640, ongetroud.
**Datum van afsterwe: 2 Junie 2021**
**BOEDELNOMMER: 001164/2023**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

VORM JJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE T5048/1979** gepasseer deur **JAN DANIEL VORSTER,** gebore op 14 Junie 1943 ten gunste van **LODEWYK JOHANNES GELDENHUYS,** gebore op 21 Oktober 1941 ten aansien van sekere **ERF 926 HEILBRON, (UITBREIDING 14) DISTRIK HEILBRON, PROVINSIE VRYSTAAT GROOT: 1107 (EEN DUISEND EEN HONDERD EN SEWE)** vierkante meter.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te BLOEMFONTEIN binnetwee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te HEILBRON op hede die 11de dag van Januarie 2024.
**Aansoeker: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**Adres: 40 KERKSTRAAT, HEILBRON 9650**
**E-pos adres: aktesa@corven.co.za**
**Kontak nommer:: 058 852 2035**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# TE KOOP

## DOHNE-MERINO OOIE TE KOOP

**Kontak 076 542 9179**

# TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685**
**Heilbron**

DUPNO Trading


**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**

**Kontak:**
**Ryno 073 268 7565**
**ryno.dupno@gmail.com**

# STUDENTEVERBLYF

**Studenteverblyf in Bloemfontein Universiteit Vrystaat**
Kamers vir studente (slegs dames) beskikbaar. Huis het 6 kamers 3 badkamers, gesamentlike kombuis en woonkamer.
1.5 km van Weshek UV. swembad en braai, afdakke vir motors.
24/7 Sekuriteit.
**Skakel Jakkie 082 202 5943**







**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 29 JANUARIE 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
**DINSDAG - 30 JANUARIE 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
**WOENSDAG - 31 JANUARIE 2024**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
**DONDERDAG - 1 FEBRUARIE 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
**VRYDAG - 2 FEBRUARIE 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
**SATERDAG - 3 FEBRUARIE 2024**
KROONSTAD: JOHANRI DORMERS PRODUKSIEVEILING
25 Ramme, 30 SP Ooie &
100 kommersiële ooie
11:00, Kroon Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

**www.bkb.co.za**
**BKB Limited 1998/012435/06**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071**
**e-pos: frankfort@bkb.co.za**

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047
VLEISSENTRAAL

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



# HERALD *Sport*

# Valsrivier pare

Die afgelope naweek het die Valsrivier Gemengde Pare te KBC Kroonstad plaasgevind. Vanaf Heilbron Rolbalklub het 6 pare ingeskryf. Dit is voorwaar 'n groot prestasie aangesien vorige jare nie meer as 2 pare deelgeneem het nie. Spesiale melding moet gemaak word van Lieb en Carine Kriek asook Bennie en Tanya Steenkamp wat beginner rolbalspelers is. Kennis is geneem van die opkomende sterre. Die Kriek span het ook dan 'n voltal 6 aangeteken. Hoe is daardie vir die eerste keer gemengde pare! Van die ander pare het met uittel net-net nie die semi-finale gehaal nie. Rudi en Tracy Jacobs moes in die teen Edward en Sonja Muller speel. As dit nie daarvoor was nie het ons meer spanne onder die finale 4 spanne gehad. Welgedaan aan Rudi en Tracy wat dan deurdring na die Noord Vrystaat Gemengde pare. Hulle was in 2023 die wenners van die kompetisie.

Die Boerevereniging Challenge 2024 is in volle gang met boere wat in hulle khaki's en boerskoene deelneem. Rolbal van hoogstaande gehalte word hier gespeel en jy kan nie dink dat sommige van die spelers net 1 keer per jaar op 'n rolbalbaan kom nie. Crausekop het voortgebou op hulle goeie vertoning van 2023 en het 1ste geëindig met +46 met die span van Vechtkop 3 net-net tweede.

Daar is nog 2 wedstryde oor en die bordjies kan nog verhang word. Kom ondersteun die Klub en die spanne elke Donderdagaand vanaf 18:00. Donderdagaand 1 Februarie word die Challenge afgesluit met 'n lekker spitbraai en dan is dit ook die finale tussen die top 2 spanne.



*Op die foto vl: Rudi en Tracy Jacobs*



*Op die foto's bo van die boere tydens die Boerevereniging Challenge 2024.*

HEILBRON GHOLFKLUB
HBA HEILBRON ABATTOIR
The Butchers Choice
MAANDBEKER
JANUARIE 2024

HEILBRON GHOLFKLUB
27 Januarie 2024
Afslaan 10:30
Medal Formaat
Slegs Lede
R250 Inskrywing

Kontak ons vir vinnige flinke diens
Ons is twee hardwerkende mans wat die volgende dienste lewer:
* Klein algemene herstelwerke in en om die huis ...
* Verfwerk (Binne en buite)
* Skoonmaak en regpak van motorhuis
* Probleem vind van tegnologiese toerusting
* Inkopies doen en aflewer
* Sweiswerk (Diefwering ens.)
Kliënt voorsien alle materiaal benodig en ons verrig die werk teen bekostigbare tariewe.
Kontak Zander by 065 833 3836 of Kobus by 068 140 6771 vir gratis kwotasie.

Vakante Betrekking
CH Tombstones & Granite Works
Ontvangs- en Verkoopspersoon benodig:
• Goeie mensekennis
• 3 Jaar ondervinding
• Toepaslike kennis van rekenaar en rekenaarprogramme.
• Netjies, vriendelik en stiptelik
• Afrikaans en Engels vaardig wees (lees, skryf en praat)
• Moet onafhanklik kan funksioneer en probleme oplos
• Minimum skoolvereiste: Graad 12
Epos asseblief volledige CV na admin@chtombstones.co.za
Aansoek sluit 5 Februarie 2024

WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 29 JANUARIE 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 30 JANUARIE 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
WOENSDAG - 31 JANUARIE 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
DONDERDAG - 1 FEBRUARIE 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
VRYDAG - 2 FEBRUARIE 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
SATERDAG - 3 FEBRUARIE 2024
KROONSTAD: JOHANRI DORMERS PRODUKSIEVEILING
25 Ramme, 30 SP Ooie & 100 kommersiële ooie
11:00, Kroon Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za